


OP-EN-WAKKER



BENODIGDHEDE: Toppie met moue: 6(6; 7) bolle Patons Cotton Colada (50-g-bolle); 1 bol Cotton Perlé (50 g); breinaalde van 3,25 mm en een breinaald van 9 mm. Moulose toppie: 2 bolle Cotton Perlé; breinaalde van 6,5 mm.

MATE: Om borsmaat van 82-87(91-97; 102-107) cm lossies te pas. Toppie met moue: Lengte 56(56; 58) cm. Moulose toppie: Lengte 41(41; 42)cm.

SPANNING: 13 steke = 10 cm breed oor reksteek met 6,5-mm-breinaalde en Cotton Perlé. 12 steke = 10 cm oor reksteek met een 9-mm-breinaald en een 3,25-mm-breinaald en Cotton Colada.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); rs - reksteek (= elke ry regs); rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; pat - patroon; tes - tesame; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; C - Cotton Colada; P - Cotton Perlé; beg - begin.

MET MOUE

(Word in twee eenderse pante van mouboordjie tot mouboordjie gebrei.)

AGTERPANT (en agterpante van moue): Stel 30 ste met C en 3,25-mm-breinaalde op en brei patroon soos volg:

1e ry: Met 9-mm-breinaald, rs tot einde.

2e ry: Met 3,25-mm-breinaalde rs tot einde.

Dié twee rye vorm die patroon. Brei voort in patroon.

Vermeerder terselfdertyd vir mouvorming: 1 st aan einde van 4e ry en vlg alt rye tot 54(54; 58) ste op breinaald is, eindig met eerste patroonry.

Plaas 'n merker aan einde van laaste ry en brei dan reguit in patroon voort tot werk 40(42; 45) cm lank is vanaf merker.

Let wel: Sorg dat breiwerk plat lê en nie verrek word nie, wanneer dit gemeet word. Plaas 'n merker aan einde van laaste ry (wat weer eerste patroonry moet wees).

Vorm tweede mou deur 1 st aan begin van elke 2e patroonry te verminder tot 30 ste op breinaald oorbly, eindig met 2e patroonry. Brei nog 3 rye patroon en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant.

RIFFELBOORDE (2): Tel met 3,25-mm-breinaalde en P 84(90; 106) ste uit onderste rand van een pant op en brei 8 cm rif. Heg netjies rifsgewys af.

AFWERKING EN MOUBOORDJIES: Werk skouernate toe maar laat 'n opening vir hals, ongeveer 28 cm breed.

Mouboordjies: Met RK voor, P en 3,25-mm-breinaalde, tel op en r 66(70; 74) ste eweredig versprei oor onderste rande van moue en brei 3 cm rif. Heg netjies rifsgewys af. Werk sy- en mouboordjienate toe.

SONDER MOUE

VOOR-EN AGTERPANT (eenders): Stel 60(62; 64) ste met 6,50-mm-breinaalde en P op. Die eerste ry is RK-ry. Brei 52(52; 58) rye rs.

Armsgatvorming: Vlg 2 rye: Heg 3 ste af, rs tot einde.

Vlg 2 rye: Heg 2 ste af, rs tot einde.

Vlg ry: r1, r2tes, rs tot einde. Herhaal laaste ry tot daar 38(40; 42) ste op breinaald is en eindig met 'n VK-ry.

TWEELINGSTEL

Verdeel vir halsopening: Vlg ry: Brei 15(16; 17) ste rs, heg 8 ste af, rs tot einde.

Vlg ry: Brei 15(16; 17) ste rs, draai en plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Eerste skouer: Vlg ry: r1, r2tes, rs tot einde.

Vlg ry: rs tot einde.

Herhaal laaste twee rye tot 9(10; 11) ste op breinaald is. Brei reguit voort in reksteek tot armsgat 20(21; 22) cm lank is, eindig met 'n VK-ry en heg af.

Tweede skouer: Heg garing met VK voor aan halsrand vas en brei 1 ry rs.

Vlg ry: Brei rs tot laaste 3 ste, r2tes, r1. Herhaal laaste 2 rye tot daar 9(10; 11) ste op breinaald is, brei dan voort soos uiteengesit vir eerste skouer.

AFWERKING: Werk skouer- en synate toe.